**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae VERPLIGTEND** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | **3** | **60** | **30 minute** |
| | **4** | **60** | **30 minute** |
| | | | |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **5** | **40** | **30 minute** |
| | **6** | **40** | **30 minute** |
| | **7** | **40** | **30 minute** |
| | **8** | **40** | **30 minute** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 'n Aanbevole manier om 'n kandidaat se inligting te bevestig voordat 'n onderhoud plaasvind:

A Nagaan van verwysings (Referentekontrole)
B Psigometriese toets
C Indiensnemingskontrak
D Induksie/Oriëntering

1.1.2 Watter EEN van die volgende besighede kan onder die tersiêre sektor geklassifiseer word?

A Sishen Ysterertsmyn
B Spier Wynplaas
C SA Meubelvervaardigers
D Eerste Nasionale Bank

1.1.3 'n Versekeringskontrak sal slegs tot stand kom, indien daar ...

A sekuriteitstelling is.
B 'n versekerbare belang is in die voorwerp wat verseker word.
C verspreiding van risiko is.
D 'n bybetaling gemaak word.

1.1.4 Die proses waartydens nuwe werknemers se vaardighede gepas word by die poste waarin hulle aangestel gaan word:

A Induksie/Oriëntering
B Werwing
C Plasing
D Seleksie

1.1.5 Vodacom het aangedui dat hulle slegs selfoonbatterye met 'n loodinhoud wat aan die telekommunikasiestandaarde en die vereistes van Green Peace voldoen, sal verkoop. Vodacom demonstreer 'n bereidwilligheid om ...

A internasionale menseregte na te kom.
B 'n nywerheidsgebruikskode te ignoreer.
C tot inklusiwiteit by te dra.
D omgewingsvriendelike produkte te bemark.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.1.6 Dit verseker dat aangewese groepe gelyke geleenthede in die werkplek het:

A Regstellende aksie
B Vaardigheidsontwikkeling
C Swart Ekonomiese Bemagtiging
D SOOO's (SETAs)

1.1.7 Watter EEN van die volgende kan as 'n onetiese besigheidspraktyk beskou word?

A Indiensneming van ongeskoolde werkers
B Die verkoop van substituutprodukte om kompetisie te vermy
C Advertering van tweedehandse produkte as nuwe produkte
D Verhoging van die prys wanneer die produk nie altyd beskikbaar is nie

1.1.8 'n Besigheid kan totale beheer oor ... hê.

A tegnologie
B klante
C inflasie
D die visie

1.1.9 Jet Skoene Bpk. het 'n groter kans op sukses as Pat Skoenwinkel omdat ...

A Pat Skoenwinkel vinnige besluite kan neem.
B Jet Skoene Bpk. aandele kan uitreik om meer kapitaal te bekom.
C Pat Skoenwinkel bankoortrekkingfasiliteite in moeilike finansiële tye gebruik.
D Jet Skoene Bpk. die toestemming van al die aandeelhouers nodig het om nuwe geboue aan te koop.

1.1.10 Die doel van hierdie Wet is om te verseker dat werknemers in 'n geskikter en minder gevaarlike omgewing werk:

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)
C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993)
D Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) (10 x 2) (20)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 (Versekering/Assuransie) dek die verlies as gevolg van 'n gebeurtenis wat definitief gaan plaasvind.

1.2.2 (Opvolgingsbeplanning/Aftreebeplanning) identifiseer en lei werknemers vir toekomstige leierskapposisies op.

1.2.3 'n Verhoging in die brandstofprys is 'n voorbeeld van 'n (makro/mark)-omgewingsuitdaging vir 'n besigheid.

1.2.4 'n (Professionele gedragskode/Onetiese gedragskode) bevat kodes vir verwagte gedrag in spesifieke beroepe.

1.2.5 (Kollektiewe bedinging/Protes aanteken) verwys na onderhandelinge tussen bestuur en werknemerverteenwoordigers.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Volhoubaarheid | A meet besighede se voldoening aan BBSEB |
| 1.3.2 Werkplekforum | B verskille in opinies, waardes en houdings |
| 1.3.3 Konflik | C gestig in enige besigheid met meer as 100 werknemers |
| 1.3.4 Balanstelkaart | D verseker dat party werknemers gelyke geleenthede in die werkplek gebied word |
| 1.3.5 Roofkopiëring | E ongemagtigde kopiëring |
| | F vermoë van 'n besigheid om voort te bestaan selfs in tye van ekonomiese teenspoed |
| | G bestuursinstrument wat 'n besigheid se werkverrigting meet |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 2**

2.1 Noem VIER van die kragte/magte wat Michael Porter (Vyf Kragte/Magte) gebruik het om die markomgewing te ontleed. (8)

2.2 Maak 'n lys van VIER fokusareas vir korporatiewe maatskaplike investering (KMI). (8)

2.3 Noem TWEE metodes wat besighede kan toepas om werknemers se stresvlakke te verminder. (4)

2.4 Identifiseer 'n spesifieke besigheidstrategie in elk van die scenario's hieronder:

2.4.1 Die Virgin Group-maatskappye besit, onder meer, Virgin Records (musiekbedryf), Virgin Atlantic (lugdiensbedryf) en Virgin Active (ontspanningsbedryf).

2.4.2 Foster D het sy besigheid in Saoedi-Arabië begin en die Suid-Afrikaanse selfoonmark betree.

2.4.3 Toyota SA ('n motorvervaardigingsbesigheid) het eienaarskap van Raylite-motorbatterye bekom.

2.4.4 Grace Bpk. het al sy bates verkoop in 'n poging om krediteure te betaal.

2.4.5 Sizwe Klerewinkels het Easy Klerewinkels oorgeneem. (10)

2.5 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**THANDI SE BOETIEK**

Thandi is die eienaar van Thandi se Boetiek wat in Durban geleë is. Sy verkoop bekostigbare pakke vir mans en dames, asook ingevoerde skoene en ontwerpersbaadjies. Sy het 'n graad in besigheidsbestuur en haar verkoopsbestuurder het 'n diploma in bemarking. Die vraag na haar produkte het in so 'n mate toegeneem dat sy nuwe takke in Kaapstad en Johannesburg oopgemaak het.

BS Boetiek wat ontwerpersklere in Durban en Johannesburg verkoop het, het beide hulle takke gesluit.

Die munisipaliteite in twee van die stede het handelsure met een uur verkort en hulle tariefheffings verhoog. Gereelde brandstofprysverhogings het vervoerkoste tussen takke laat styg. Die algehele impak is dat die boetiek se winste gedaal het.

Thandi het Sam, 'n nuwe kassier met geen ondervinding nie, in diens geneem. Sam behandel die klante op 'n onprofessionele wyse.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5.1 Stel 'n SSGB-('SWOT'-)analise vir Thandi se Boetiek saam. (16)

2.5.2 Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) maak voorsiening dat Sam se vaardighede verbeter kan word. Verduidelik uitdagings wat Thandi kan ervaar met die implementering van hierdie Wet. (6)

2.6 Regverdig enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n loopbaan gekies word. (8)
**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **WOOLWORTHS**
>
> Max Sonnenburg, sy seun Richard en Fred Kossuth het Woolworths in 1931 in Kaapstad begin toe die ekonomie nie gunstig vir die vestiging van 'n nuwe besigheid was nie. Hulle visie, passie en vasberadenheid het die publiek se verbeelding aangegryp met 'n winkelbeleid wat Woolworths ver voor hulle mededingers geplaas het.
>
> 'n Paar jaar later het hulle nog drie winkels oopgemaak en is op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB/JEB) genoteer.
>
> [Bron: www.woolworthsholdings.co.za]

3.1.1 Uit die gevallestudie hierbo, identifiseer DRIE eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (6)

3.1.2 Wat word bedoel met *is op die JSB/JEB genoteer*? (2)

3.1.3 Beskryf VIER funksies van die JSB/JEB. (8)

3.2 Bespreek enige VIER menseregtekwessies wat besighede in die werkplek moet bevorder. (12)

3.3 Anele het R5 000 belê vir 3 jaar, teen 10% rente per jaar, jaarliks saamgestel, by Kapitaal Bank. (Toon ALLE bewerkinge.)

3.3.1 Bereken die bedrag wat Anele na drie jaar sal ontvang. (6)

3.3.2 Bereken die rentebedrag wat Anele sal verdien. (4)

3.3.3 Stel TWEE ander tipes beleggings voor wat Anele kon gebruik het. (4)

3.4 Bespreek enige VIER maniere waarop besighede professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke behoort te bedryf. (12)

3.5 Dink jy dat persoonlike ingesteldheid/houding belangrik is vir 'n leier se sukses in 'n besigheid? Motiveer jou antwoord. (6)
**[60]**


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

## VRAAG 4

4.1 | Fabriekswerkers by Shiny Tekstiel Bpk. het vir twee weke onwettig gestaak en op hoër salarisse en beter werksomstandighede aangedring.

4.1.1 Onderskei tussen 'n *beskermde* en 'n *onbeskermde* staking. (4)

4.1.2 Bespreek die stappe in die grieweprosedure wat die werkers moes gevolg het. (10)

4.2 | Werknemers kan met hulle werkgewers reël dat aftrekkings van hulle salarisse gemaak word.

4.2.1 Gee TWEE voorbeelde van vrywillige aftrekkings. (4)

4.2.2 Definieer die konsep *verpligte aftrekking* en gee EEN voorbeeld. (4)

4.2.3 Dink jy 'n besigheid is verplig om byvoordele aan hulle werknemers te bied? Motiveer jou antwoord. (8)

4.3 Lees die indiensnemingskontrak hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INDIENSNEMINGSKONTRAK**

Naam van Werknemer: Tshepo Mabe
Geslag: Manlik Ouderdom: 30 jaar

BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN DIE KONTRAK

- Jaarlikse verlof is op die werknemer se werksverrigting gebaseer.
- Werksure: Volgens die bedryfsure van die besigheid.

4.3.1 Identifiseer enige VYF aspekte wat in 'n indiensnemingskontrak ingesluit behoort te word. (10)

4.3.2 Evalueer die bepalings en voorwaardes van die kontrak wat in die scenario hierbo genoem word, krities. Maak aanbevelings wat ooreenkom met die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997). (10)

4.4 Bespreek seksuele teistering as 'n onetiese besigheidsuitdaging en stel maniere voor waarop besighede dit moet hanteer. (10)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**LET WEL:** Skryf slegs die VRAAGNOMMER neer. Die antwoord op ELKE VRAAG moet op 'n NUWE BLADSY begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 5

| |
|---|
| Die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) is uitgevaardig om Suid-Afrikaanse besighede te verander om deelname van voorheen benadeelde mense aan die ekonomie in te sluit. |

Ontleed die impak van enige VYF pilare van BBSEB op besighede krities en lewer kommentaar op die rol van die regering om hierdie Wet te bevorder. **[40]**

### VRAAG 6

| |
|---|
| John moet binne twee dae sy besigheidsplan voorberei en vir 'n groep belanghebbendes en potensiële beleggers aanbied. |

Gee John raad oor sy aanbieding van die besigheidsplan sodat dit van hoë gehalte en uiters suksesvol in die bereiking van die doelwitte is.

Jy moet die volgende aspekte in jou antwoord insluit:

- Hoe moet John vir die aanbieding voorberei?
- Evalueer enige VIER metodes wat hy kan gebruik om die inligting aan te bied.
- Stel maniere voor om terugvoer op 'n professionele wyse te hanteer.
- Beveel moontlike fokuspunte aan wat die gehalte van John se aanbieding sal verbeter. **[40]**

### VRAAG 7

| |
|---|
| Jorden Klerevervaardigers (JKV) ondervind lae produktiwiteit. Om mededingend te wees moet hulle hierdie probleem proaktief en kreatief oplos voordat dit 'n negatiewe impak op hulle winsgewendheid het. |

As 'n konsultant van Jorden Klerevervaardigers glo jy vas dat die uitdagings wat JKV in die gesig staar, oorkom kan word. Regverdig hoe dit gedoen kan word in 'n goed gebalanseerde verslag.

Sluit die volgende aspekte in om jou antwoord te ondersteun:

- Verduidelik die rol van kreatiewe denke in die oplos van komplekse besigheidsprobleme.
- Noem stappe wat JKV-bestuur kan doen om die uitdagings hierbo aan te pak.
- Evalueer die Delphi- en dinkskrumtegnieke wat Jorden Klerevervaardigers kan gebruik om hulle probleme op te los.
- Identifiseer moontlike hindernisse wat kan voorkom dat JKV hierdie probleme oplos. **[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 8**

Zama (Edms.) Bpk. is 'n besigheid wat vyf jaar gelede gestig is. Die besigheid presteer nie goed op die volgende terreine nie:

- Die teikenmark is nie bereik nie.
- Dit is nie in staat om skuld te bestuur nie.
- Dit slaag nie daarin om vaardige werknemers te lok en te behou nie.
- Die beeld van die onderneming word nie bemark nie.
- Verouderde rekordhouding word nog steeds gebruik.

Beveel DRIE maniere aan waarop Zama (Edms.) Bpk. die gehalte van prestasie van elk van die uitdagings wat in die scenario hierbo voorkom, kan verbeter. Bespreek ook hoe die gehalte van prestasie van die algemene bestuurfunksie die sukses van die besigheid sal verseker. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com